Mag die kind van God oordeel ?



Wat sê die Bybel ?

JESUS Sê:
Luk 12:57 EN WAAROM OORDEEL JULLE OOK NIE UIT JULLESELF WAT REG IS NIE ?

JESUS sê in:
Joh 7:24 .....maar OORDEEL 'n regverdige OORDEEL.

Luk 7:43 ..... En Hy [Jesus] antwoord hom: Jy[Simon] het reg GEOORDEEL.

MAG DIE KIND VAN GOD OORDEEL ?

Bogenoemde vraag word heel dikwels deur kinders van God gevra. En tog is dit volgens die Bybel heeltemal korrek om te OORDEEL, en in sommige gevalle selfs die kind van God se plig.

Hierdie vraag het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die feit dat mense onmiddellik die Bybel aanhaal, (Mat 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie) wanneer ons ander tereg wys of vermaan uit die Skrif en omdat ons nie die Skrif ken nie, glo ons dat ons verkeerd optree. Ons beleef 'n tydperk wat mense aanspraak maak op sy mense regte en probeer om jou as kind van GOD skuldig te laat voel sodra jy vermaan of tereg wys, naamlik **"WIE IS JY OM TE OORDEEL"** .As christen is dit nie net KORREK om te OORDEEL nie, maar ook jou christelike PLIG. Die HERE verwag dit van u. U mag net nie VEROORDEEL NIE= om iemand te verdoem vir die HEL, GOD alleen veroordeel. (Mat 7:1-2 Verduideliking bl 18)

Mat 22:29 Toe antwoord JESUS en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.

Daarom kan ons nie genoeg beklemtoon hoe belangrik persoonlike Bybelstudie is nie. Ons moet die Skrif ken, anders gaan ons nie geestelik 'oorleef' nie. Ons moet ALLES toets aan die WOORD. Met ander woorde BEOORDEEL volgens die SKRIF.

Hand 17:11 En hierdie mense [VAN BERÉA] was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. {DIE INWONENDE WOORD IN DIE HART,IN DIE MOND EN OP DIE LIPPE.} "PAULUS SE VERSOEK AAN DIE GEMEENTE VAN KOLOSSE."

EEN VAN DIE BEVELE/OPDRAGTE IN DIE WOORD.

In Joh 7: 24 [b] gee JESUS in die tempel die bevel dat ons MOET

"OORDEEL **".....** maar **OORDEEL 'n regverdige OORDEEL**.

SELFS IN DIE OU TESTAMENT HET GOD, ONS BEVEEL OM ONS NAASTE TE OORDEEL:

Lev 19:15 ..... Met geregtigheid moet jy oor jou naaste OORDEEL.

HIER WORD "SIMON SE OORDEEL" DEUR JESUS GOED GEKEUR !

Luk 7:43[b] ."..... En Hy[JESUS] antwoord hom[Simon]: Jy het reg GEOORDEEL.

JESUS was in Luk 12 besig om die mense te leer en spreek hulle hard aan omdat hulle nie self OORDEEL wat reg is nie.

Luk 12:56 Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?

Luk 12:57 En waarom OORDEEL julle ook nie uit julleself wat reg is nie? \ N DIREKTE OPDRAG VAN JESUS.

SELFS PAULUS MOEDIG DIE GEMEENTE AAN OM TE OORDEEL!

1Kor 10:14 Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens.
1Kor 10:15 Ek spreek soos met verstandige mense; OORDEEL self wat ek sê:

GEESTELIKE MENSE HET DIE REG OM ALLES TE BEOORDEEL:

1Kor 2:15 Maar die geestelike mens BEOORDEEL wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.

SAKE WAT BEOORDEEL MOET WORD.

Gemeentesake moet hanteer word deur jou oordeel te gebruik.

1Kor 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, **al staan hy as 'n broeder bekend**, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

1Kor 5:12 Want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel julle nie die wat binne is nie?

1Kor 5:13 Maar die wat buite is, oordeel God. Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit. {DIE SLEGTE MENSE MOET DUS HIER BEOORDEEL WORD}

1Kor 11:10 **Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op** die hoof hê ter wille van die engele. {U MOET OORDEEL !!} HOOFBEDEKKING.

1Kor 11:13 OORDEEL SELF: Is dit betaamlik dat 'n vrou met onbedekte hoof tot God bid? {U MOET OORDEEL !!! }

1Kor 11:14 **Of leer ook die natuur self julle nie dat as '**n man lang hare **dra , dit vir hom 'n oneer is nie;** {U MOET OORDEEL !!!}

1Kor 11:15 **maar as 'n** vrou lang hare dra**, dit vir haar 'n eer is, omdat die lang hare vir haar gegee is as 'n bedekking? { DIE** NATUURLIKE BEDEKKING VIR DIE VROULIKE GESLAG}

Ons gaan vir 'n oomblik bietjie stilstaan by hedendaagse gewilde haarstyle !!!

"Mohawk" en "Punk" haarstyle.

Die mens is so geneig om sommer blindelings enige gewilde modegier na te volg. Ons as kinders van God behoort deeglik ondersoek in te stel as ons sulke vreemde en uitheemse modegiere teëkom.

"the Mohawks used this hair-style as a sym-bolic gesture of open rebel-lion, " Wikipedia

"Scholars know that they ruth-lessly tortured war prisoners and that they were canni-bals; in the Algonquin tongue the word Mohawk actually means "flesh-eater." http://www.ohio.edu/orgs/glass/vol/1/14.htm

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, **dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God** welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld ge-lykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.



1Joh2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

1Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

Die "Mohawk" **en "**Punk**"** haarstyle is simbolies van anargie en rebellie en word ook gekoppel **aan die "**Kundalini Spirit**".**

Yoga is een van die maniere waardeur die "Kundalini Spirit" in 'n persoon aangewakker [enlighten] kan word.

Ons haal aan:

"The word "yoga" means "to yoke." Yoga is the act of yoking the practitioner to a Hindu god. This god is called Brahman the "Divine" who is said to enlighten the human soul by uniting with the human body. This "union" is accomplished through intense concentration, controlled breathing techniques, and prescribed yoga postures. Brahman and yoga practitioners are united as one.

To assist the yogi in achieving this "Divine" enlightenment, a mediator between the practitioner and Brahman is invoked. The ancients describe this mediator as the Kundalini spirit. **"**Kundalini**" means "**serpent power**."** When a person engages in yoga, a chain reaction occurs within the body. The Kundalini spirit is spontaneously activated and spiritual enlightenment is imparted by the **"Universal World Soul" also known as Brahman.** Yoga authorities say that all yoga is ultimately Kundalini yoga, and yoga is meaningless without it (Encyclopedia of New Age Beliefs, p 606).

Unfortunately, most Christians do not understand that by its own definition yoga is an occult religious ritual. It is practiced through postures, mudras (occult hand signals), and mantras (chanted words) which are themselves ancient magical incantations. "

"The word *Kundalini* actually means **"the serpent power".** It is the common Hindu belief that within each person resides a **"serpent"** coiled tightly up at the base of the spine."

Uit **"The tree of Knowledge and the Serpent—Kundalini" van** Kanaan Minisstries haal ons aan:

"This serpent was called the *AAR, AART, AARTU* one of the roots from where we get the word art (creative Kundalini energy). It was the symbol of secret initiation and the sign of the full manifestation of occult sight through the third eye of the *Kundalini serpent* on the forehead of the pharaoh. It revealed the full

activation of occult knowledge. It was called the *Kundalini crown* which manifested as the Pharonic serpent. This is also the symbolic meaning behind the plumes on the helmets of *Athena, Britannia*, and many other goddesses, but also in the ancient headdresses worn by the Tibetans and Hawaiians still being **worn today and echoed by the 'punk' hairdos of the today's youth."**

DIE ALLEDAAGSE DINGE MOET DEUR DIE KIND VAN GOD BEOORDEEL WORD !!!

1Kor 6:2 Weet julle nie dat die heiliges [DIE KINDERS VAN GOD] die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?

DIE KINDERS VAN GOD GAAN ENGELE OORDEEL !!!

1Kor 6:3 Weet julle nie dat ons engele sal OORDEEL nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?

DIE SONDE MOET BEOORDEEL WORD !!!
PSM 38:19[b] EK IS BEKOMMERD OOR MY SONDE !!!

1Kor 6:10 MOENIE DWAAL NIE! GEEN hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers SAL DIE KONINKRYK VAN GOD BEERWE NIE. {DIE WOORD VAN GOD OORDEEL U, DAT U HEMEL NIE SAL MAAK NIE} U MOET DUS USELF TOT GOD BEKEER M.A.W. JY MOET JOU LEWE HERVORM. DIE RUG VIR **DIE SONDE GEE, TERUGKEER NA GOD TOE.} "REPENT"**

Rom 1:26 Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;

Rom 1:27 en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en

in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. {NATUURLIKE LIEFDE is TWEE PERSONE, van die TEENOORGESTELDE GESLAG soos deur GOD bepaal.}

Rom 1:28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee **aan 'n** slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:

Rom 1:29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, [GIERIGHEID,INHALIGHEID] ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;

Rom 1:30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;

Rom 1:31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,

Rom 1:32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk [DIE PREDIKERS] aan die wat dit doen.

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, DIE KONINKRYK VAN GOD NIE SAL BEËRWE NIE. {WEEREENS DIE WOORD VAN GOD WAT U OORDEEL !! U SAL DIE HEMEL MIS.}

Open 22:15 Maar buite [DIE HEL] is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

Open 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood. = DIE EWIGE HEL

U MOET U DUS SELF BEOORDEEL MET BOGENOEMDE SONDES EN U TOT GOD BEKEER. { WANNEER U DUS GEWAARSKU WORD DEUR DIE PREDIKER, OUDERLING OF VRIEND INSAKE BOVERMELDE VERKEERDE GEWOONTES, NIE OPSTANDIG RAAK IN U **GEES NAAMLIK** "JY MAG NIE OORDEEL NIE" JY WORD DUS VERMAAN !!! ONS MOET OORDEEL OM TE KAN ONDERSKEI TUSSEN REG EN VERKEERD EN, LIG EN DUISTERTENIS, HEILIG EN ONHEILIG,REIN EN ONREIN.

1Kor 3:16 Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?
1Kor 3:17 As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Luk 12:57 En waarom OORDEEL julle ook nie uit julleself wat reg is nie? \ OPDRAG VAN JESUS

Heb 3:13 Maar VERMAAN mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die VERLEIDING van die SONDE verhard word nie.

Lev 19:28 **Julle mag ook ter wille van 'n dooie** geen snye in julle vlees maak nie en GEEN INGEPRIKTE TEKENING in julle vel maak nie. **Ek is die HERE. "GOD VERBIED TATTOO'S"**

HOE KAN ONS WEET AS ONS NIE GELEER WORD NIE ? EN HOE KAN ONS LEER AS ONS

NIE MAG OORDEEL NIE ?

VIR DIE PREDIKERS !

Jes 58:1 Roep uit die keel,**"predikers" hou nie terug nie,** verhef jou stem **soos 'n basuin!** En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Jer 23:22 Maar as hulle [predikers] in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handelinge.

Eseg 22:26 **Sy priesters"predikers"** verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en **rein gee hulle nie te kenne nie; ...**

Eseg 44:23 En **hulle "predikers"** moet my volk die onderskeid LEER tussen wat heilig en onheilig is, en hulle bekend maak die onderskeid tussen wat onrein en rein is.

Jes 5:20 **Wee hulle "predikers"** wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.

Jes 5:21 Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel ver-**standig is. "**UNTEACHABLE SPIRIT**" (I DO IT MY WAY)**

Rom 10:14 **...? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?**

2Tim 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

Mal 3:18 Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die reg-verdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. (skeidslyn tussen lig en duisternis)

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is**, is hy 'n** nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.(geen wereldsgesindheid en modegiere meer)

DIE KIND VAN GOD MOET HOMSELF OOK OORDEEL !!!

Ons moet onsself oordeel, anders word ons deur God geoordeel en getugtig.

2Kor13:5 Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie!

By die gebruik van die Heilige Sakrament van die Nagmaal.

Wanneer ons nagmaal gebruik, moet ons baie seker maak dat daar geen onbelyde sonde in ons lewens is nie. ONVERGEWENSGESIND-HEID ens, as jy iets teen jou broeder het, gaan versoen eers met hom.

1Kor 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.

1Kor 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en **drink 'n oordeel oor homself,** terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

1Kor 11:30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

1Kor 11:31 Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.

1Kor11:32 Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.

In Matt 5 leer JESUS ons:

Mat 5:23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het,

Mat 5:24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Selfs die Prediker skryf:
Pred 4:17 Gee ag op jou voet as jy na die huis van God gaan, want om nader te kom en te hoor, is beter as dat dwase 'n slagoffer bring; .....

Deur onsself te oordeel, ons sonde te bely en gehoorsaam te wees aan God se WOORD, sal ons onself die tugtiging van GOD spaar.

DIE GRIEKSE WOORD "krino"

Die Griekse woord "krino" word in Afrikaans vertaal as - 'oordeel' of 'veroordeel'.

Oordeel beteken: om te onderskei; te besluit; vas te stel; te probeer; te oorweeg; en te ondervra.

Fil 1:9 En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring [KJV = judgement],

Fil 1:10 om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, ...
[Dis wat God van ons verwag om te doen met betrekking tot valse profete en valse leerstellings.]

Mat 7:15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.

Mat 7:16 Aan hulle VRUGTE sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog

nie druiwe van dorings of vye van distels nie! [u moet dus die vrugte OORDEEL **van die profete "GOED OF SLEG"**]

Hoe gaan ons hulle aan hulle vrugte ken as ons nie mag oordeel nie? Ons moet hul vrugte beoordeel volgens die SKRIF! As hulle nie volgens die SKRIF lewe en optree nie, is hulle valse profete en het GOD hulle nie gestuur nie.

Jes 8:20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.

PAULUS WAARSKU DIE GEMEENTE IN ROME !!!

Rom 16:17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle. [u moet dus OORDEEL]

Rom 16:18 Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges.

1Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan [u moet die geeste OORDEEL OF HULLE UIT GOD IS AL DAN NIE.]

Volgens die WOORD VAN GOD mag ons GEEN KOMPROMIE aangaan met enige dwaalleer nie, met mense wat valse leerstellings verkondig nie. HOE SAL DIE KIND VAN GOD WEET/ TUSSEN REG EN VERKEERD, LIG EN DUISTERNIS,HEILLG EN ONHEILIG,REIN EN ONREIN AS U NIE MAG OORDEEL NIE ? **JA !!! DIE KIND VAN GOD "MOET OORDEEL"**

2Kor 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

2Tim 3:5 mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. [U SAL DUS HIER MOET OORDEEL]

2Joh 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. [U SAL DUS HIER WEER MOET OORDEEL]

2Joh 1:11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

Efes 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. [HOE ? DEUR TE OORDEEL]

Rom 12:9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;
[Weereens moet ons oordeel of dit goed of sleg is!]

1Kor 2:14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

1Kor 2:15 Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.

Heb 5:14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

Die WOORD leer ons baie duidelik wat alles onder sonde klassifiseer. [Daarom moet ons OORDEEL wat sonde is en wat nie.]
1Tim 5:24 Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit tot die OORDEEL, maar volg ander eers agterna.

DRIE OORDELE

1. Beoordeel: Wanneer 'n kind van God aan die nagmaal deelneem, moet hy homself 'beproef', [1 Kor 11:28] homself toets in die lig van die woord.

   As daar sonde is, moet hy dit eers regmaak; hy moet homself BEOORDEEL.

2. Geoordeel: Wanneer so 'n persoon egter volhard in die sonde en elke keer maar weer van die brood eet en van die wyn drink, dan eet en drink hy 'n oordeel oor homself, en nou word hy deur die Here getugtig. Hy word geoordeel. [DOOD EN SIEKTE]1Kor 11:28-30

3. Veroordeel: Sodat hy nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie . Hy word getugtig sodat hy nie so vêr van die Here af dwaal dat hy uiteindelik as 'n sondaar gereken word om saam met hulle veroordeel te word in die verdoemenis nie.

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

GEBREK AAN OORDEEL IN KERKE VANDAG.

Baie kerke is vandag 'verlam' en 'geestelik maer en uitgeteer' omdat hulle nie God se opdrag uitvoer om te OORDEEL nie. As gevolg daarvan is kerke deurweek van Sataniese MODERNISME en DWAALLERINGE, ASOOK DIE VERSUIM OM SONDE EN HEILIGMAKING TE PREDIK**. "KNIPOOG"**

Wanneer ons fisies gesond wil bly, vermy ons siekte kieme so vêr as moontlik en versterk ons immuunsisteem met allerhande vitamienes en minerale. Om geestelik gesond te bly, moet ons die 'kieme' van valse leerstellings en sonde geheel en al vermy en in die waarheid van GOD se WOORD bly.

Joh 17:17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

DIE SKRIF WORD DUS MISBRUIK EN VERKEERD VERSTAAN INSAKE OORDEEL !!! MAT 7:I-2

Ons vestig nou u aandag op die eerste skrifgedeelte wat ons in hierdie skrywe gemeld het in bl 3.

Mat 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.

Ons kan egter nie net hierdie gedeelte lees nie. Die hele skrifgedeelte moet gelees word om te besef waaroor dit gaan, EN WIE NIE MAG OORDEEL NIE\Die skrifgeleerdes en Fariseers was verbied

Mat 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.

Mat 7:2 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir

julle gemeet word.
Mat 7:3 En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?
Mat 7:4 Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk!
Mat 7:5 Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.

Vers 5 sê vir ons met wie JESUS hier praat. Die geveinsde! Ons kan aflei uit vers 3-5 dat hierdie geveinsde self iets in sy lewe het wat baie erger is as dìt wat hy uit die ander persoon se lewe wil haal.

Geveinsde beteken[HAT WOORDEBOEK] Iemand wat veins, huigelaar, skynheilige.
Geveins = gemaak, vals, voorgewend, gehuigeld.

Hier word nie met 'n kind van GOD gepraat nie, maar met iemand wat voorgee om iets te wees wat hy nie is nie. DIE GEVEINSDE-SKYNHEILIGE EN HUIGELAAR MAG DUS NIE OORDEEL NIE.\Die Skrifgeleerdes en Fariseers was dus verbied om te oordeel.

DIE WAT OORDEEL DOEN DIESELFDE SONDE !!!

Rom 2:1 Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, **sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel,** veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.

Rom 2:2 En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen.

Rom 2:3 En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?

Uit bogenoemde skrifgedeelte kan ons tog baie duidelik verstaan dat dit gaan oor mense wat ander oordeel, terwyl hulle dieselfde dinge doen. Ek kan mos nie 'n klomp geld steel en dan iemand anders veroordeel omdat hy 'n potlood gesteel het, of u het dalk iemand vermoor en nou veroordeel u iemand anders wat hoereer? In sulke **gevalle word u deur "JESUS VERBIED OM TE OORDEEL"**

So verdraai en misbruik baie mense die SKRIF om valse leerstellings en sondige gewoontes te verdedig, EN CHRISTENE AAN TE VAL **MET "**JY MAG NIE OORDEEL NIE**" 'N SET** VAN DIE duiwel.

2Pet 3:16 net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.

VERMANING !!!

Heb 3:13 Maar VERMAAN mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

O, NEE !!!! WIE IS JY OM TE OORDEEL !!! "EK KAN NIE SIEN DAT DIT SONDE IS NIE" {OMDAT JY GEESTELIK BLIND IS}

Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en BLIND en NAAK is nie.

Vermaning is heel BYBELS en ons word BEVEEL om mekaar te vermaan. Elke dag te vernaam so lank as dit vandag genoem word.\Vermaan HAT woordeboek=Ernstig waarsku,Berispe....

Paulus het dit op 'n stadium nodig gevind om Petrus te vermaan omdat hy buite orde opgetree het

Gal 2:11 Maar toe Petrus in Antiochíë gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.

Gal 2:12 Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoond om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is.

Gal 2:13 En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins.

Gal 2:14 Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die

waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe? [PAULUS OORDEEL DIE OPTREDE VAN PETRUS en vermaan hom.]

ONS HAAL 'N PAAR SKRIFTUURPLASE AAN IN VERBAND MET VERMANING:

Rom 15:14 Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan.

2Kor 13:11 Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees.

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

1Thes 5:12 Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; DIE PREDIKERS! MOET DUS NIE OPSTANDIG RAAK IN JOU gees, sodra jy deur jou VOORGANGER, broeder, OUDERLING of suster vermaan word nie. [Titus 2:3 {a} Die **"OU VROUE">>>>vers 4 {a} SODAT HULLE DIE JONG** VROUE KAN LEER OM VERSIGTIG TE WEES>>>]

1Thes 5:14 En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal.

2Tim 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

Tit 1:9 een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Heb 10:25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms [DIENSBY-

WONING] nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, [INSAKE GEWOONTE AFWESIGHEID VAN DIENSBYWONING] en dit des te meer namate julle die dag [wederkoms] sien nader kom.

Heb 13:22 En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe.

Jud 1:3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.\Vermaan HAT woordeboek=Ernstig waarsku ,Berispe

VEROORDEEL !!!

Ons mag oordeel en beoordeel, maar ons mag nie veroordeel nie. Net GOD mag dit doen!

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. [Opb 19:11-15 die groot wittroon oordeel]
Mat 12:37 Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy VEROORDEEL word.

Mar 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal VEROORDEEL word.

Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie VEROORDEEL nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds VEROORDEEL omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.

1Joh 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.
1Joh 3:21 Geliefdes, as ons hart ons nie VEROORDEEL nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;

DIE LAASTE DAG OORDEEL OPB 20:11-15 !!!

DIE GROOT WITTROON OORDEEL,VIR DIE SONDAAR.

Open 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop

sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Rom 2:16 in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie.

2Pet 2:9 die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;

OORDEEL BEGIN BY DIE HUIS VAN GOD.

1Pet 4:17 Want die tyd is daar dat **die OORDEEL "KRIMA" (NIE** DIE AFVAL NIE. GR= APOSTASIA) moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?

1Pet 4:18 En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?

Ons moet hier op aarde ons daarin beoefen om 'n regverdige oordeel te vel. As ons nie die alledaagse hier op aarde kan OORDEEL nie, hoe kan ons selfs net daaraan dink om in die ewigheid op die troon saam met JESUS die wêreld en die gevalle engele te wil oordeel? [1Kor 6:2-3]

Jud 1:6 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;
(ENGELE WAT GESONDIG HET IN DIE DAE VAN NOAG.)

DIE HEILIGES, GAAN DIE GEVALLE ENGELE EN DIE WêRELD OORDEEL SAAM MET JESUS.

1Kor 6:2 Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?

1Kor6:3 Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?

Dan 5:27 tekél—u is op die weegskaal ge-**weeg en te lig bevind; "GOD GAAN U WEEG"**

JESUS SE DISSIPELS

Mat 19:28 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal OORDEEL.

——————————————————-

Luk 12:57 EN WAAROM OORDEEL JULLE OOK NIE UIT JULLESELF WAT REG IS NIE ? \N BEVEL VAN JESUS.

JESUS sê in:
Joh 7:24 .....maar OORDEEL ‘n regverdige OORDEEL.

Luk 7:43 ..... En Hy [Jesus] antwoord hom: Jy [Simon] het reg GEOORDEEL.

EK KAN NIE SIEN NIE !!!

DIT IS DIE ALGEMENE UITLATING WAT DAN OOK DEUR BAIE MENSE GEMAAK WORD, SODRA HULLE VERMAAN **OF TEREG GEWYS WORD. “EK VOEL NIE SKULDIG NIE, DIE GEES VAN DIE HERE HET MY NIE OORTUIG NIE” DUS KAN “**EK NIE SIEN DAT DIT SONDE IS NIE**” EN “WIE IS JY OM TE OORDEEL ? ”**

RIGT 16:20(b)..WANT HY {SIMSON} HET NIE GEWEET DAT DIE HERE VAN HOM GEWYK HET NIE.

1 SAM:28:15 {b} EN GOD HET VAN MY [SAUL] GEWYK EN ANTWOORD MY NIE. [DAAR IS BAIE MENSE VANDAG **NET SOOS “**SIMSON EN SAUL**” ONBEWUS VAN DIE FEIT** DAT GOD OOK BAIE JARE VAN HUL GEWYK HET, EN NIE MEER MET HULLE PRAAT NIE. HULLE HET DIE HEILIGE GEES BEDROEF,UITGEBLUS EN TELEURGESTEL.

Open 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. [Grieks=BRAAK]
Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en BLIND en naak is nie. [GEESTELIK NAAK geen Bruilofskleed nie, asook geestelik blind besluierd,kan nie sien nie.]

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.
Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. (Sodat u nie meer besluierd sal wees nie)

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 GOD het die tye onkunde oorgesien...

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

A**mos 4:12 ...** maak jou klaar om jou God te ontmoet, **"MARANATA" = JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.